
HOLLANDSE SKRYWERS UIT SUID-AFRIKA

DEEL I
(1652—1875)

DEUR
DR. ELIZABETH CONRADIE

FIRMA J. H. DE BUSSY, PRETORIA
H. A. U. M. v/h J. DUSSEAU & Co., KAAPSTAD

HOLLANDSE SKRYWERS UIT SUID-AFRIKA
DEEL I (1652—1875)




HOLLANDSE SKRYWERS
UIT SUID-AFRIKA

'N KULTUUR-HISTORIESE STUDIE
DEEL I (1652—1875)

DEUR
DR. ELIZABETH CONRADIE

FIRMA J. H. DE BUSSY, PRETORIA
H.A.U.M. v/h J. DUSSEAU & Co., KAAPSTAD
1934



*Met dankbare hulde opgedra
aan
My Moeder
en die nagedagtenis van
My Grootmoeder*

„Ik zeg, in navolging der Kapenaars Hollandsche, niet Nederlandsche, welke eerste benaming hier zoo bijzonder veel invloed op de inwoners uitoefent.”

M. D. Teenstra: De Vruchten mijner Werkzaamheden gedurende mijne Reize over de Kaap de Goede Hoop naar Java, en terug, over St. Helena, naar de Nederlanden, Dl. I, 1830.

„Die geskiedenis van Afrikaans as afsonderlike taalvorm van Nederlands begin 1652, toe Jan van Riebeeck en sy handjievul Nederlanders die volksplanting aan die Kaap gestig het.”

Prof. J. J. Smith: Die Opkoms van Afrikaans, Die Kerkbode, 23 Aug. 1933.

„Ons Afrikaanse letterkunde begin nie met Trigardt of met Kaatjie Kekkelbek nie, maar met die Dagregister van Jan van Riebeeck, die man wat in 1652 die Hollands-Afrikaanse nasie in Suid-Afrika geplant het.”

Prof. Dr. S. P. Engelbrecht: „'n Eensame Taalstryer.” „Die Huisgenoot” 12 Feb. 1932.

VOORBERIG.

Hierdie werk *Hollandse Skrywers uit Suid-Afrika* val vanself in twee dele nl.

Deel I, 1652—1875. Tydperk van heerskappy van die ouer vorm van ons taal.

Deel II, 1875—hede. Opkoms van Afrikaans en algehele agteruitsetting van die ouer vorm.

Die eerste deel kan onderverdeel word in (a) 1652—1795. Tydperk van die Hollandse gesag, van groot voorbereidingswerk. (b) 1795—1875. Koms van die Engelse en verbrokkeling van die Dietse kultuur.

Tydens die voorbereidingswerk is daar 'n geweldige energie aan die dag gelê, diep is die fondament gegrawe waarop die Hollands-Afrikaanse huis sou verrys, maar hier en daar was lelike swak plekke te bespeur. Die hoër ontwikkelde klas was nie altyd van tirannie vry te pleit nie, nog minder van 'n al te groot aanpassingsvermoë wat uit eie belang voortspruit, die minder bevoorregtes dikwels twissiek en nie bedeel met 'n oormate van werklus nie, waardeur 'n verwydering ontstaan het tussen groepe wat by mekaar behoort het.

In die jare 1795—1875 sien ons die verbrokkeling van wat met soveel moeite en lyding opgebou is, gedeeltelik deur kragte van buite maar vir 'n deel deur eie swakheid. In die swak plekke is daar skeure en bresse geskiet deur die veroweraar.

x

In die tweede deel van die *Hollandse Skrywers uit Suid-Afrika* sal ek probeer om die rol van die Hollandse skrywers in die nasionale bewuswording te teken. Ek sal 'n poging aanwend om redes op te gee vir die onvastheid van ons kulturele strewe en tot die beste van my vermoë 'n rigsnoer vir die toekoms ontwerp, 'n toekoms waarin daar nie op twee gedagtes sal gehink word nie, waarin dit nie meer moontlik sal wees om digby die eindpaal kortom te spring nie.

19 Feb. 1934.

ELIZABETH CONRADIE.

INHOUDSOPGAWE.

	Pag.
Inleiding	XV—XX

HOOFSTUK I.

DIE OORPLANTING VAN DIE HOLLANDSE KULTUUR NA SUID-AFRIKA.

1. Die joernale 'n dagtekening in die lotgevalle van ons taal, lettere en hele kultuur.....	1—3
2. Die Dagregister van Jan van Riebeeck	3—9
3. Vroeë rapporte van die „kleine luyden”. Pieter van Meerhoff „die wel ter penne is”	10—18
4. Eerste verse aan die Kaap gemaak o.a. deur Aernout van Overbeke en Pieter de Neyn	18—29

HOOFSTUK II.

DIE INVLOED VAN EUROPESE LANDE, VERAL VAN FRANKRYK.

1. Die inspannende lewe in diens van die Kompanjie. Die joernale van die landtogte van Olof Bergh	30—34
2. Die belangrikheid van onoffisiële sowel as van offisiële Kaapse briewe	34—36
3. Die joernaal van die landtog van Simon van der Stel..	36—41
4. Die Hugenote en Frans in Suid-Afrika	41—46

HOOFSTUK III.

„HOE ZOET EN LIEFLIJK IS 'T, DAT BROEDERS IN EENDRAGTIGHEIDT T'SAMENWOONEN”.

1. Die Kaapse Koloniste in twee groepe verdeel.....	47—50
2. Adam Tas, „de bekwaamste ter penne”	50—64
3. J. G. de Grevenbroeck, sekretaris, kunstenaar en latinis	64—73
4. Petrus Kalden, 'n banneling-leraar, man van ontwikkeling en beskawing	73—86

HOOFSTUK IV.

JOERNAALHOUERS VAN BELANG IN DIE LAASTE JARE VAN DIE HOLLANDSE GESAG.

1. Amptenaar en reisiger teenoor ingeburgerde grondbesitter. Die familie Cloete	87—93
---	-------

XII

	Pag.
2. Hendrik Jacob Wikar, „schryver in 's E' Complees Hospitaal”	93—97
3. Energieke Afrikaanse boere-joernalhouers, Jacob, Willem, Sebastiaan Valentyn en Dirk van Reenen	97—108

HOOFSTUK V.

'N SATIRIESE DIGTER OOR DIE EERSTE OORGAWA VAN DIE KAAP, SY TEENSTANDERS EN MISTIEKE TYDGENOTE.

1. 'n Treurige bladsy in ons geskiedenis. Hubert Dirk Campagne bekamp sy teenstanders	109—120
2. Sendelingkonneksies word aangeknoop. Helperus Ritzema van Lier	121—127
3. Dagboek-houer en mistieke digteres, Catharina Allegonda van Lier	127—133

HOOFSTUK VI.

KLASSISISME, VERLIGTING (AUFKLÄRUNG), EERSTE SPORE VAN DIE ROMANTIEK.

1. 'n Klassisistiese leerdig van ds. Meent Borchers, die Stellenbosse predikant	134—145
2. Die Verligting (Aufklärung), steun vir die Hollandse kultuur in Suid-Afrika, kan die algemene goedkeuring nie wegdra nie	145—147
3. Pogings tot geskiedskrywing	147—154
4. Ander prosa en poësie van Meent Borchers	154—163

HOOFSTUK VII.

DIE EERSTE ROMAN IN BRIEWE 'N UITING VAN DIE „SENTIMENTELE RIGTING”.

1. Engelse invloed word nie bekamp deur die ortodokse skrywers nie	164—166
2. Die roman in briewe.....	166—168
3. M. C. Vos se jeug aan die Kaap onder die Oos-Indiese Kompanjie. Studie in Nederland en diensyd onder die Hollandse bewind.....	168—174
4. Die skrywer van die <i>Merkwaardig Verhaal</i> onder verskillende regerings; Engelse rigting. Repos ailleurs.....	174—183

HOOFSTUK VIII.

VOORTREKKER-SKRYWERS.

1. Die Groot-Trek die belangrikste gebeurtenis vir die behoud van die Dietse kultuur	184—186
2. Dagboek van Louis Trigardt	186—194

	Pag.
3. Erasmus Smit, 'n miskende kultuurdraer	194—208
4. Sarel Arnoldus Cilliers, die „Vader van Dingaansdag”..	208—214
5. Ander skrywers wat ook moeite gehad het met die skryftaal, Ferdinand van Gass, Anna Elisabeth Steenkamp, P. H. Hatting	214—221

HOOFSTUK IX.

DIE OPKOMS VAN DIE HOLLANDSE JOERNALISTIEK.

1. Eerste Kaapse drukke en drukkers	222—226
2. J. Suasso de Lima, 'n Kaapse digter, vertaler en skoolmeester	226—235
3. Charles Etienne Boniface, „The Cape Dramatist”, en De Lima raak slaags	235—240
4. Suasso de Lima word joernalis. Ander verse uit die koerante	240—246
5. Boniface as joernalis, dramatis en hekelaar. Sy konfraters, later vyande, J. J. de Kock en Cornelis Moll	246—260
6. Laaste werke van die digter De Lima	260—265

HOOFSTUK X.

DIE VERSTERKENDE INVLOED VAN DIE „LAGE LANDEN BIDER ZEE” TYDENS DIE EBTYD IN KAAPLAND.

1. J. G. Swaving, „Officier bij het Hooge Gerechts Hof”, dosent in die Franse taal aan die „onlangs opgerigte Zuid-Afrikaansche Athenaeum” (1829).....	266—272
2. Johannes Jacobus de Kock, toneelspeler, translateur, almanakmaker en geselskapslieder-samesteller	272—276
3. Antoine Nicolaas Ernest Changuion, opvoedkundige, taal- en letterkundige, kerkman en politikus.....	276—293
4. Assistentie aan die Hollandse instituut in Kaapstad, veral dr. J. W. G. van Oordt	293—295

HOOFSTUK XI.

ORTODOKSIE EN ROMANTIEK TEENOR REALISME EN LIBERALISME.

1. Ortodoksie op die platteland. Mewes Johannes Tromp	296—298
2. Pierre Dammes Marie Huet, „altijd vervoerd door zijne verbeelding, altijd dweepende met iets”, bring die Romantiek na Suid-Afrika	298—309
3. Die Modernisme steek sy kop op. Die pen van D. P. Faure is die skerpste	309—313
4. „Copiërlust des dagelijkschen levens”. Thomas François Burgers	313—337

INLEIDING.

In Suid-Afrika leef daar twee siele, gevolglik twee tale, twee kulture naas mekaar, 'n feit wat met al die praatjies van BRUGMAN nie weg te redeneer is nie. My is dit maar om een van daardie siele, die skrywers van een van daardie groepe, een van daardie tale, een van daardie kulture te doen nl. die Hollands-Afrikaanse. Daarvan wil ek die verlede naspoor en myself van daardie verlede rekenskap gee deur 'n groep verteenwoordigende skrywers uit hul vergeelde geskifte na vore te bring. Daardie verlede het sy regte sowel as sy vorme wat ek wou eerbiedig.

Om 'n begrip van ons eie tyd en eie vorme te kry, is dit noodsaaklik om te probeer raaksien en 'n betekenisvolle uiteensetting te soek van hoe die teenswoordige skakel in die hele ketting pas, van hoe die hede uit daardie verlede gegroei het.

Die vernaamste vereistes daarvoor is dat ons eerlik sal wees en ons van allerlei geskipper sal onthou en van allerlei vooroordele ten opsigte van Hollands en die Hollandse skrywers sal losmaak. Onder 'n betekenisvolle uiteensetting van hul geskifte verstaan ek *nie* 'n konstruksie van die verloop van die literatuurgeskiedenis volgens abstrakte begrippe van liriek, epiek en dramatiek nie, waarvoor allerlei ystervaste definisies soms gegee word, nog minder vooropgestelde meninge oor Eerste en Tweede Afrikaanse Taalbeweginge, maar die *resultaat* van ons ervaringe op skriftelike gebied sinds die dae van JAN VAN RIEBEECK.

Alles in die historiese verloop vorentoe en agtertoe is aanmekaar geskakel; in die teenswoordige is die verlede

opgeneem en verwerk, en ons beweeg ons op gevaarlike terrein as ons oor tydgenote 'n veroordeling gaan vel of 'n lofsang sing. Ek het dan ook sover as moontlik teruggegaan. Dis eers wanneer die kritikus en die geskiedskrywer 'n bietjie kan terugtree van sy voorwerp, dat hy soos in 'n bosryke landskap nie meer verwar word deur die afsonderlike bome en struikie, maar 'n beeld in perspektief van die hele streek kry. Die beeld sal dan nog altyd *syne* bly. Versamel kan iedereen, koördineer kan die meeste, vir my moet die geskiedskrywer interpreteer. Wie van die verhouding van die verskillende generasies en die verskillende strominge 'n beskrywing gee, sal moeilik sy persoonlike oordeel kan uitskakel, onmoontlik sy standpunt kan verberg. Ek het dit dan ook nie probeer nie en hier van die premis uitgegaan dat dit noodsaaklik is om vas te hou aan die wortels van ons Dietse beskawing en telkens terug te keer na die bron van herkoms vir versterking van die eie geestesgoedere.

Gelukkig is ons al ver weg van die chauvinisme van omstreeks 1920, toe nasionalisme vir ons beteken het, nie „ons hoort bymekaar” nie, maar „julle hoort nie by ons nie” as gebore Hollanders, wat Suid-Afrika hul tuiste gemaak het en hul lot met ons ingewerp het, met Afrikaners moes saamwerk. Gelukkig is hulle al ewe ver weg van die „moederlike” inmenging, hoe goed bedoel ook al, in die sake van wie hom nie meer as kind, maar as jonger neef gaan voel het. Daar is oral tekens dat weersydse waardering langsamerhand die ouer en nuwer vooroordele, die vooringenomenheid, wat geen breë Dietse kultuurhistoriese beskouing toegelaat het nie, te bo kom. Ek dink veral aan die werk op ons universiteite gedoen in die departemente van Nederlands en Afrikaans, die instelling van 'n Nederlands-kultuurhistoriese instituut hier, van 'n leerstoel vir Afrikaanse taal, lettere en geskiedenis dààr, aan voordragte en lesings,¹⁾ aan die studie van Afrikaners in Nederland, aan Dietse studentereise hierheen.

¹⁾ Vgl. Prof. BOSHOFF: *Praat en Doen, Die Vaderland*, 15 Feb. 1933. SCHEEPERS: *Hollands as Derde Taal aan Skole, Die Vaderland*, 28 Junie 1933. Prof. J. DU PLESSIS: *Strewe na die Ware, Skone en Nuttige! Die Vaderland*, 3 Mei 1933.

Dit is my oortuiging dat ons geestesgoedere veel groter is as ons tot dusver gemeen het. Sonder om nodeloos polemies op te tree, wil ek ernstig die vraag aan ons geleerde wêreld stel of die tyd nie aangebreek het om ons tentpenne veel wyer uit te slaan nie, sodat dit ons hele Dietse letterveld sal omvat en nie langer die Hollandse geskifte wat in Suid-Afrika ontstaan is en deur Suid-Afrikaanse aangeleenthede geïnspireer is, uit te sluit nie? Literatuurgeskiedenis as 'n selfstandige wetenskap bestaan nog maar sowat 'n honderd jaar waarom ons ons dus nie hoef te verbaas dat nie alleen die sintetiese samevatting van ons literêre bronne ontbreek nie, maar ook nog 'n massa voorbereidende werk moet gedoen word. Daar is meer oor naturellehoofde geskryf dan oor ons voorvaders.

Voor 'n deeglike literatuurgeskiedenis geskrywe kan word, voor ons tot klaarheid en helderheid kan kom *wat* die afmetinge van ons letterveld presies is, is twee dinge broodnodig, nl. ten eerste 'n volledige *vaderlandse geskiedenis uit Afrikaner-standpunt bekyk*, deur 'n Afrikaner wat deur geboorte en opleiding ons hele verlede van die eerste dag van die Volksplanting af, intuïtief aanvoel en ten tweede 'n streng wetenskaplike Biografiese Woordeboek soos die *Nieuw Nederlandsche Biografische Woordenboek* van MOLHUYSEN en BLOK deur 'n paar Afrikaanse samestellers. Daarsonder het ek herhaaldelik voor die probleem gestaan: „Durf ek nou hierdie geskif as van ons annekseer, of hoort dit tot die Nederlandse penneproduksie?”

My voorgangers het die vraag ontduik of dit heeltmal nie nodig gevind om dit eers te stel nie. Prof. dr. G. BESSELAAR in *Zuid-Afrika in de Letterkunde* (1914) was die eerste en tot dusver nog die enigste wat 'n poging aangewend het om ons hele letterveld op te meet. Van sy boek het ek 'n dankbare gebruik gemaak, maar vir die sewentiende en agtiende eeue het hy hom so verdiep in wat vreemdelinge, Portugese, Franse, Duitsers, Swede oor ons geskrywe het, vir die neëntiende eeu het hy hom ook nog die taak gestel om die Engelse geskifte te behandel met die gevolg dat wat die studie aan breedheid wen dit in diepte verloor vir die

oplossing van my probleem. Hy het vernietigende kritiek ontvang by die verskyning van die werk maar 'n mens hoef geen groot profeet te wees nie om te voorspel dat 'n omgewerkte uitgawe met vreugde ontvang sal word. Die literatuurgeskiedskrywers wat ná hom gekom het, wyle prof. dr. LYDIA VAN NIEKERK met *De Eerste Afrikaanse Taalbeweging en zijne Letterkundige Voortbrengselen* (1916), prof. dr. E. C. PIENAAR met *Taal en Poësie van die Twede Afrikaanse Taalbeweging*, dr. P. C. SCHOONEES met *Die Prosa van die Twede Afrikaanse Taalbeweging*, het die slot-episodes in die Afrikaanse taalstryd wat hom langsamerhand in 'n stryd teen Hollands ontwikkel het, meegeveg. Hul het die seëviering van Afrikaans teenoor die Hollands van die Taalbond-manne beleef, maar die gewonne stryd het 'n dekade gelede die hartstogte nog so verblind dat ons perspektief gevaar geloop het om benewel te word. In aanmerking geneem die tydsomstandighede waaronder genoemde drie werke tot stand gekom het, is dit begryplik dat hul teenswoordig die indruk wek en dit ook gevestig het, dat ons *Hollandse* literêre geskrifte met een stoot vergoed oorboord gegooi is met die erkenning van Afrikaans as skryftaal. Daardie werke is gewy aan 'n afsonderlike onderdeel van die groot geheel, uit 'n estetiese oogpunt die belangrikste onderdeel, maar desnietemin is dit alleen die *moderne* literêre bloei wat daar ter sprake kom. Die jongste geskiedskrywer wat hom op hierdie terrein beweeg, dr. G. S. NIENABER met *Die Afrikaanse Beweging* (1932) en *Honderd Jaar Hollands in Natal* (1932) en *Charles Etienne Boniface* wat in die pers is, kom op teen die aanvalle op Taalbondmanne soos professor DE Vos, sien dat die lyn verder moet teruggetrek word as die ontstaan van die *Genootskap van Regte Afrikaners* in 1875, maar so sterk is die mag van ons voorgangers en leermeesters dat hy hom nog nie heeltemal kan losmaak van die ou beskouing nie.

Met die verskyning van dr. F. C. L. BOSMAN se *Drama en Toneel in Suid-Afrika* (1928) het daar 'n wending in ons literatuurgeskiedbeskouing gekom. Aan hom kom die eer toe dat hy 'n massa onbekende stof uit ons vroeë verlede bekendgemaak, allerlei vraagstukke vir verder ondersoek opgewerp,

en ander vorsers deur woord en daad besiel het om hul ondersoeking in dieselfde bane te voer. Ek sluit my dan heeltemal by hom aan en wens hiermee my hoë waardering van sy werk te betuig. Naas sy werk was die *Geschiedenis van de Nederduits Hervormde Kerk in Zuid-Afrika* van prof. dr. S. P. ENGELBRECHT vir my 'n openbaring. By die lees daarvan het dit duidelik geword dat ons op 'n dwaalspoor is as ons 'n streep deur ons kerkgeskiedenis gaan trek met veronagsaming van die honderd-en-vyftig jaar Evangelieprediking voor die koms van die Engelse, wat my op die gedagte gebring het dat ons in ons jeugdige oormoed dieselfde fout begaan met ons literatuurgeskiedenis, deur die Hollandse geskrifte op Afrikaanse bodem ontstaan te verwerp as nie van ons nie, enkel en alleen omdat die vorm van ons taal in die loop van jare aanmerklik verander het. Hoewel daar soos in alle organiese ontwikkeling 'n nuwe tipe voortgekom het, het die neerseters aanvanklik tog al die karaktertrekke van die moederland in hul beliggaam. Nasionalisering is 'n langsame proses, die aanwas van 'n nuwe taalsoort nog langamer, hoe gunstig ook al die omstandighede, hoe bykans algeheel ook al die afwesigheid van remmende invloede soos die van skole en aristokratiese kringe, van letterkundige lewe. Later, en dit is veel later as algemeen aangeneem word, as die nuwe tipe tot volkome ontwikkeling gekom het, gaan die ooreenkoms met die oue, hoe ook al verdof en verflou, tog nooit heeltemal verlore nie.

Die Afrikaanse taal en die Afrikaanse geskrifte word voorafgegaan deur die Hollandse taal en deur Hollandse geskrifte en jare ná die onderskeid voltrek was, bedien almal hul nog van 'n gemeenskaplike skryftaal, nl. die Hollandse. Met ander woorde, die raamwerk van die gees het nog tot onlangs digby die oorsprong gebly op die gebied van die lettere. Die gees, die siel van 'n volk vind uiting in sy godsdienst, sy kuns, sy argitektuur, sy lettere, sy maatskaplike vorme, sedes, gebruike, ens. en dié dateer tog by ons van die sewentiende eeu af. As ons pennevrugte inderdaad eers in die derde kwart van die neëntiende eeu opkom, lyk dit my logies om te konkludeer dat ons tot dan

'n volk van analfabete was maar hierdie opvatting word deur die stapels geskifte, wat voorhande is, geloënstraf.

Die Afrikaanse geskrewe bronne uit die tyd van die Oos-Indiese Kompanjie kom my voor as gemeenskaplike besit waarop Afrikaners sowel as Nederlanders aanspraak kan maak. Die Nederlander hoef dit nie te doen nie, want deur die hoeveelheid van sy geestesgoedere kan hy hom 'n growwe sif veroorloof. Daardie bronne val vir hom onder koloniale letterkunde; hulle is net een nietige ongebruikte geboutjie in sy gebouekompleks; vir ons is dit die oudste pennevrugte op ons bodem, die fondament van 'n nuwe huis.

Onder die werk van ons Hollandse skrywers verstaan ek die Hollandse geskifte, wat deur Suid-Afrikaanse aangeleenthede geïnspireer is, op Suid-Afrikaanse bodem ontstaan is, werke wat in 'n ou vorm opgestel is, 'n vorm wat nog bestaan of in 'n ander oorgegaan het, die vrug van die arbeid van wie korter of langer hier vertoef het. „Skrywers” is hier dan ook in die wydste betekenis van die woord opgevat.

Vir ons is dit noodsaaklik om ernstig oor hierdie vraagstuk na te dink en tot klaarheid te kom oor wat ons onder Afrikaanse letterkunde verstaan. Op die taalvorm alleen kan ons nie langer gaan nie. Ons het ons blind gaan staar op die Afrikaanse *vorm* en vergeet dat dit die *gees* is wat lewend maak. As dit ons werklik erns is met ons kultuurstryd, moet ons volk hom weer in die Hollandse periode van sy verlede terugvind, moet ons gees dwarsoor die tydperk van verengelsing heengryp, moet ons vir ons inspirasie heeltemal teruggaan tot die dae van Jan Kompanjie, waarin die wortel en die stam van ons beskawing lê.

'n Blik in die sillabus vir die B.A.-graad met Hollands as een van die hoofvakke, 'n kennisneming van die Afrikaanse uitgawes van Nederlandse Klassieke met uitvoerige inleidings en aantekeninge, 'n opsomming van die aanwassende aantal klein kritieke, kritiese studies, dissertasies oor moderne Hollandse en Afrikaanse skrywers, lei tot die vreemde ontdekking dat ons jare lank al besig is op ons inrigtinge vir hoër onderwys om die wortels van die boom van ons beskawing te versorg, d.i. die Nederlandse literatuur, middel-

nederlandse sowel as moderne, te bestudeer, om die vrugte, rype sowel as onrype blink te vrywe, d.i. die Afrikaanse letterkunde te troetel en streel, maar die stam, die werk van ons vroeë Dietse skrywers in Suid-Afrika, te laat opvreet van die miere. Waarom sou ons ons geestelik armer maak as wat ons reeds is, deur langer hierdie toestand te gedoog?

In die lig van die geskiedenis weet ons dat diegene wat aan Afrikaans 'n selfstandige ontwikkeling wou ontken en dit probeer forseer het op die obsoleete weg, op 'n dwaalspoor was. Die Afrikaanse taal en die Afrikaanse nasionaliteit is 'n voldonge feit hoe ver die nasionaliteitswette ook al op die lange baan mag geskuif wees, maar jeugdige oormoed en gebrek aan tradisie alleen kan die wanbegrip staande hou dat ons generasie heeltemal opnuut begin het.

Hierdie studie is 'n poging om die betekenis van enkele van ons ouer skrywers, van diegene wat hul van die ouer vorm van ons taal, van Hollands of „Hoog-Hollands” soos dit later algemeen bekend gestaan het, bedien het, uit hul geskrifte in Suid-Afrika ontstaan, toe te lig, en hul in die kader van hul tyd, te midde van die heersende tydstrominge van hul eeu te bekyk. 'n Enkele keer het ek my deur estetiese maar gewoonlik in *sterk* mate deur kultuurhistoriese oorweginge laat lei. Dit is onbillik om die werk van die verlede wat volgens ander norme en kunsbegrippe geskep is, by teenswoordige opvattinge te meet. Wat bly daar in die sif oor as ons die versies van *Di Patriot* by die norme van *Die Nuwe Brandwag* beoordeel? Wie sê dat wat ons vandag met goud en silwer bekroon oor twintig jaar nie as waarde-loos bestempel sal word nie deur later estetici? Wat gee ons dan die reg om ons van die studie van die vroeë geskrifte af te maak met die eiewyse oordeel dat hul almal prulle is?

Die resultaat van my ondersoekinge is in baie opsigte teleurstellend as dit van 'n suiwer letterkundige standpunt beskou word, want werk van 'n hoë peil moet hier nie gesoek word nie. Die beste onder heel veel middelmatigs is nog maar onbeduidend, konvensioneel, maar dieselfde koerantelektuur, tydskrifkuns, eendagskinders het as sleutel tot die kultuurtoestande van verbygegane tydperke gedien en my toegang

verleen tot die siel van 'n volk wat teen 'n groot oormag worstel om vir homself 'n plek onder die sonnestelsel wat hom regmatig toekom te verower.

Ek wil drie klasse van Hollandse skrywers onderskei, nl. van amptenare-penniste wat 'n tydlank hier vertoef het en tydens hul verblyf, hetsy korter of langer, deur ons aangeleenthede geïnspireer is, soos JAN VAN RIEBEECK, PIETER DE NEYN, AERNOUT VAN OVERBEKE, ens.; verder gebore Hollanders of vreemdelinge wat verhollands was, wat hul lot met ons ingewerp het soos JACOB WIKAR, H. D. CAMPAGNE, C. E. BONIFACE, SUASSO DE LIMA, A. N. E. CHANGUION, ens.; en ten slotte gebore Afrikaners soos P. CLOETE, D. VAN REENEN, M. C. VOS, LOUIS TRIGARDT, T. F. BURGERS, ens. Vir my loop daar 'n onafgebroke Dietse draad van die *Dagboek* van JAN VAN RIEBEECK af tot by die jongste Afrikaanse geskrif. Al verskil ons oor wat ons as letterkunde kan beskou, of wat ons verwerp omdat dit nie aan die eise van die estetiese voldoen nie, van *alle* Hollandse geskrifte in Suid-Afrika ontstaan, moet kennis geneem word as ons 'n opgawe van ons geestelike besit wil saamstel. As die vergete Hollandse literêre bronne van die Afrikaanse bodem nie om eie literêre verdienste, wat inderdaad klein is, ons aandag verdien nie, dan tog wel om die bewys wat hulle lewer dat ons van die vroegste tye van die volksplanting af, tot vandag, hoewel sover verwyder van Europa, alle Europese literêre sowel as politieke strominge, die wêreldorde van elke tydperk, hier in die Suidhoek weerkaats. Om die belangrike rol wat hulle kan speel in ons kultuurstryd, waarin van *alles*, van ons hele geestelike besit moet gebruik gemaak word, is dit noodsaaklik dat die ou Hollandse geskrifte van Suid-Afrika in eer herstel en met eerbied en liefde op dié Universiteite, wat 'n Afrikaanse beleid volg, bestudeer word, nie alleen in die departement van geskiedenis nie maar ook in die van Nederlands en Afrikaans.